

4 Desember

Skrifgedeelte: Genesis 1:9-13; 1 Korintiërs 3:10-17

Fokusgedeelte: Genesis 1:11; 1 Korintiërs 3:16

Die saad is binne die vrug. Die vrug van die Gees is binne jou!

Die stryd van die goeie en die slegte hier diep binne jou maak jou ook bekommerd. Om die rede begin jy wonder of jy regtig die vrug van die Heilige Gees het. Dalk gebruik jy dit as verskoning, dat jy vir jouself sê: Ek kan dit mos nie help nie.

Op jou eie kan jy nie verander nie, maar met die Heilige Gees se werking verander jy elke dag. Vandag wil die Here aan jou leer dat die Heilige Gees in jou woon en dat jy regtig die vrug van die Gees in jou het!

Kom ek verduidelik dit. In Genesis 1:11 lees ons dat God vrugtebome geskape het, vrugtebome wat elkeen na sy aard vrugte dra en waarvan die saad in sy vrug sit. Binne elke vrug is die voortbestaan van die vrugteboom ingebou. Die saad is binne die vrug sodat daar 'n nuwe boompie hieruit kan ontkiem en groei. Nou, net soos wat daar saad binne 'n vrug is, so woon die Heilige Gees binne-in jou en die vrug van die Gees is in jou! Jy het dus nie 'n verskoning nie, jy kan nou hieroor ophou vrees.

Jou liggaam is die tempel van God en die Gees van God woon in jou. Die Heilige Gees is orals, Hy is alomteenwoordig, maar Hy woon óók in jou! Is dit nie fantasties nie?! Die Heilige Gees se werk in jou is die "vrug van die Gees". Die VRUG VAN DIE GEES IS DUS IN JOU, dis ingebore en ingeplant! Die Heilige Gees laat jou aan Jesus vasgryp en daarom kan jy wel teen die vleeslike natuur in jou stry.

Sing: Skrifberyming 14-3:4 (53)

Ds. J van Schaik (Randburg)